Die Hoër Tegnologiese Skool

# John Vorster

## UITTEKENBELEID

***Reëls vir leerders wat vooraf, m.b.v die L6-vorm, wil reël vir afwesigheid of vroeër wil uitteken***

1. Hierdie reëls m.b.t. die indien van die L6-vorm, geld slegs vir *leerders wat vooraf reëlings wil* tref *om afwesig te wees of vroeg uit te teken*. Dit is nie van toepassing op onbeplande afwesighede weens onder andere siekte nie – waarvoor ander reëls/reëlings geld.
2. Indien daar ‘n rede is waarom ‘n leerder op ‘n sekere dag nie skool kan bywoon nie, of die skool vroeër moet verlaat, het ons ‘n stelsel waarop sekere reëlings met die skool, rakende die betrokke afwesigheid, getref moet word.
3. Dit word gedoen deur middel van die voltooiing van ‘n **L6-vorm** (aansoek vir ‘n wettige afwesigheid). Hierdie vorm is op die skool se webwerf, of in die Algemene Kantoor beskikbaar.
4. Indien dit ‘n aangeleentheid is wat slegs op ‘n vasgestelde dag binne skoolure kan plaasvind, moet die voltooide L6-vorm ***twee skooldae*** voor die dag van afwesigheid of vroeg-uitteken, by **die Algemene Kantoor** vir **goedkeuring *ingedien*** word.
5. Die nodige ondersteunende bewyse/dokumente moet aan die L6-vorm geheg word; daarsonder sal geen afwesigheid/vroeg-uitteken goedgekeur word nie.
6. Gewone dokters-/fisio-/tandarts-/lisensie-afsprake, ens. is byvoorbeeld nie noodsaaklike afsprake tydens skoolure nie en moet na 14:00 gereël word.
7. Die leerder moet die L6-vorm die dag nadat dit by die algemene kantoor ingehandig is, weer gaan afhaal om vas te stel of die afwesigheid goedgekeur is. Slegs indien die afwesigheid vir die betrokke dag/tyd deur die adjunkhoof goedgekeur is, sal dit as ‘n wettige verskoning vir die afwesigheid aanvaar word.
8. Die leerder bewaar die L6 - waarop die afwesigheid goedgekeur is - veilig by hom/haar tot die dag waarop hy/sy vroeër moet uitteken of afwesig gaan wees.
9. Die goedgekeurde L6 word dan op die spesifiek-aangeduide tyd, aan die betrokke vakonderwyser getoon wanneer hy/sy die klas/lokaal moet verlaat. *Geen leerder sal uit ‘n klas geroep word nie.*
10. Die leerder gaan dan na die Algemene Kantoor om die uittekenboek te voltooi en ‘n toestemmingsnota te kry om die terrein te mag verlaat.

11. Geen leerder sal toegelaat word om die terrein te verlaat sonder bg. toestemmingsnota nie.
12. Die leerder ontmoet sy ouers in die Algemene Kantoor en verlaat die skool by die voetgangershekkie in Meyerstraat waar hy/sy die uittekennota aan die sekuriteitsbeampte moet toon.
13. In uitsonderlike gevalle waar die leerder van 'n saamrygeleentheid (bv. Uber of grootouers) gebruik moet maak, of die terrein per fiets/motorfiets moet verlaat, is die vlg. van toepassing:
    - Die L6-vorm moet vergesel word van skriftelike toestemming van die ouer dat die leerder self mag ry of van 'n saamrygeleentheid gebruik mag maak.
    - Die saamrygeleentheid se besonderhede moet volledig verskaf word. Dit kan ook per e-pos geskied.
    - Indien 'n leerder nie in staat is om self te ry nie – om watter rede ook al - sal hy /sy nie toegelaat word om die skoolterrein alleen te verlaat nie en sal die ouers onmiddellik daarvan verwittig word.
    - Indien 'n leerder toestemming van sy/haar voog het om self te ry, of van 'n saamrygeleentheid gebruik te maak, verval alle verantwoordelikhede van die skool teenoor sodanige leerder, sodra hy/sy die skoolterrein verlaat.
14. Geen ouer/voog sal meer toegelaat word om 'n leerder te kom uitteken indien die leerder self die ouer/voog geskakel/laat weet het nie. (In so 'n geval het die leerder moontlik 'n selfoon onwettig op die skoolterrein gebruik en sal die selfoon gekonfiskeer word.) Slegs 'n personeellid mag 'n ouer/voog laat weet indien 'n leerder gehaal moet word.
15. Geen leerder sal met 'n e-postoestemmingsbrief, sonder 'n voltooide L6-vorm, uitgeteken word nie.
16. Geen leerder sal uitgeteken word, tensy die prosedure met die L6-dokument gevolg is nie.
17. Dit is van kardinale belang dat elke leerder die volle skooldag in die klasse is; daarom word enige afsprake gedurende skooltyd ontmoedig.



Me. A. Dowd

HOOF

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186